INLIGTINGSDOKUMENT

Absa KKNK Musiekverhoë

31 Maart – 7 April 2012

Algemene uitnodiging

Die Absa KKNK stel die totale kunste-program saam wat die week van 31 Maart tot 7 April 2012 in Oudtshoorn aangebied word. Gesamentlik met die fees se borge en vennote, word die programmering vir die musiekverhoë behartig. 'n Ope uitnodiging word aan alle kunstenaars, hul bestuurders en/of platemaatskappye gerig om by die onderskeie verhoë aansoek te doen vir oorweging.

Hoe doen ek aansoek?

Hierdie dokument dien slegs as 'n inligtingstuk oor: i) die aantal verhoë wat optree-geleenthede bied tydens die Absa KKNK 2012, ii) die tipe musiekstyle en voorwaardes van elke verhoog en iii) die kontakbesonderhede van die onderskeie programsamestellers. Indien jy belangstel om by een of meer van die verhoë op te tree, is dit jou verantwoordelikheid om met elke verhoog se program-koördineerder in kontak te kom. Daar is dus vanjaar geen formele aansoekprosedure wat deur die Absa KKNK-kantoor behartig word nie.

Maksimum betrokkenheid

Om die eksklusiwiteit en die unieke karakter van elke verhoog te verseker, skedulering te vergemaklik en om werk te versprei aan soveel as moontlik kunstenaars, mag kunstenaars nie by meer as **drie** verskillende verhoë optree nie. Geen kunstenaar of musiekgroep wat 'n gekeurde formele produksie in 'n venue op die fees het, mag aansoek doen vir optredes by die verhoë, tensy hulle 'n maand voor die eerste dag van die fees skriftelike toestemming van die fees se programbestuurder het nie. Die fees self mag egter vir bemarkingsdoeleindes sekere produksies skeduleer op die verhoë om die produksie se verkope te verbeter.

Gratis inskrywings

Om inskrywings so toeganklik moontlik te maak en aan alle kunstenaars die geleentheid te bied om aansoek te doen om op die verhoë op te tree, word daar vanjaar geen inskrywingsfooie gehef nie.

Promosie-verhoë

Let daarop dat heelparty van die onderstaande optree-geleenthede op promosie-verhoë is. Met hierdie term word bedoel dat die kunstenaar die geleentheid gebied word om sy/haar musiek aan die publiek bekend te stel, maar dat daar geen kunstenaarsvergoeding ter sprake is nie. Optredes op hierdie verhoë moet dus gesien word as 'n geleentheid tot CD-verkope en algemene bemarking.

Beskikbare musiekverhoë

Die volgende musiekverhoë bied geleenthede aan kunstenaars om op te tree. Skakel gerus met die onderskeie kontakpersone om aansoek te doen. Maak seker dat jou musiekstyl inpas by die aard van elke verhoog, voordat jy met die betrokke skakelpersoon kontak maak. Daar is by elke verhoog 'n keuringsproses ter sprake en kunstenaars moet die volledige inligtingstukke (bv. demo-cd, foto-materiaal en kort beskrywing van jou musiekstyl) aan die betrokke program-koördineer verskaf, soos versoek.

Absa Wynsaal

Die Absa Wynsaal kry in 2012 'n nuwe gedaante met 'n rustiger restaurant-atmosfeer wat aansluit by die wynproeë en kosse wat dié kuierplek bied. Kunstenaars wat ligte klassieke musiek en agtergrondmusiek speel, kan Nelius Ferreira kontak by (0)11 782 0122 of 'n e-pos stuur na artistw@mweb.co.za

Brian's Grill

'n Promosie-verhoog by Brian's Grill bied geleenthede vir kunstenaars wat lekker kuier-musiek, *pub* en *cover*-liedjies sing. Belangstellendes kan 'n e-pos stuur na Byron Minnie by lemonnlime@telkomsa.net

Huisgenoot Musiekplaas (Dagverhoog)

Die Huisgenoot Musiekplaas se dagprogram bied vanaf 10:00 tot 12:00 daagliks optree-geleenthede aan opkomende musiekkunstenaars. Gevestigde kunstenaars vir die res van die dag, sowel as die Aandverhoog, word self deur Huisgenoot genader. Belangstellendes moet Eddie Mathewson kontak by 021 4064570 of 'n e-pos stuur na eddie.mathewson@media24.com

MK Kaktus-sessies

Alhoewel daar beperkte optree-geleenthede vir opkomende groepe is op hierdie verhoog, kan jong rock, Hip-hop en alternatiewe musiekgroepe 'n e-pos stuur na Marlize Channon by marlize@hilltoplive.co.za

RSG-verhoog

RSG se promosie-verhoog sal weereens uiteenlopende musiekstyle – van rock, country tot kommersiële Afrikaanse musiek – akkommodeer. Die verhoog het verder ook 'n sterk ontwikkelingskomponent. Belangstellendes moet 'n verkorte CV en demo-cd stuur om oorweeg te word. Verdere navrae kan per e-pos gerig word aan Johan Rademan by rademan@rsg.co.za

Q-Bar

Q-Bar is 'n akoestiese musiek-venue. Kunstenaars wat belangstel om hier op te tree, moet 'n e-pos stuur na Byron Minnie by lemonnlime@telkomsa.net

Kontraktering

Die kontraktering vir jou optrede(s) by die Absa KKNK 2012 word direk tussen die kunstenaar en die betrokke verhoog-koördineerder aangegaan. Die Absa KKNK kan nie aanspreeklik gehou word vir enige kontrakbreuk nie.

Skedulering

Skedulering sal gefinaliseer word op grond van individuele onderhandelinge met die program-koördineerder. Dit is jou verantwoordelikheid om seker te maak dat jou optrede-tye nie bots nie, sou jy meer as een keer optree. Die Absa KKNK behou egter die reg voor om skeduleringsaanpassings te maak in gevalle waar kunstenaars hulle maksimum optree-geleenthede oorskry.

Tegniese behoeftes

Kunstenaars is self daarvoor verantwoordelik om hulle volle tegniese behoeftes aan die verhoogbestuurders deur te stuur. Geen veranderinge in tegniese behoeftes, sal op die dag van optrede geakkommodeer kan word as die verhoog-koördineerders nie vroegtydig in kennis gestel is nie.

Publisiteit en bemarking

Elke kunstenaar is vir sy of haar eie publisiteit en bemarking verantwoordelik. Kunstenaars mag 'n maksimum van 25 plakkate opsit. Alle plakkate moet 'n Absa KKNK plakker dra en word teen 'n nominale bedrag aangekoop by die Akkreditasie-kantoor (Biblioteek in Voortrekkerweg). Plakkate sonder plakkers sal verwyder word. Plakkers sal vanaf 31 Maart 2012 beskikbaar wees.

Akkreditasie

Kunstenaars wat op die verhoë optree, moet voor hul optrede, en vanaf 31 Maart 2012, aanmeld by die Akkreditasie-kantoor (Biblioteek in Voortrekkerweg), om plakkers te ontvang en toegangsbewyse tot die Rivierbuurt – indien die betrokke kunstenaar in die Rivierbuurt optree.

Verdere geleenthede

Kunstenaars word aangeraai om so spoedig moontlik met die program-koördineerders te skakel, aangesien die programsamestelling teen Desember 2011 gefinaliseer word. Dit is wel moontlik dat kunstenaars onttrek en dat daar dan weer optree-geleenthede beskikbaar is. Hierdie geleenthede moet met die koördineerders opgevolg word.

Hou gerus ook ons webwerf dop op www.absakknk.co.za. Verdere inligting oor die musiek-verhoë en verdere geleenthede vir optredes, sal hier aangekondig word.